N.G. Kerk Fokus Berg-en-Dal

7 April 2019
VYFDE LYDENSONDAG

"Dit ís Ek, waarna jy soek" antwoord Jesus – maar weet jy Wie jy soek?

"Omdat Jesus geweet het van alles wat oor Hom gaan kom, het Hy vorentoe gekom en vir hulle gevra: 'Vir wie soek julle?' 'Jesus van Nasaret', antwoord hulle Hom. 'Dit is Ek!' sê Hy toe vir hulle... 'As julle My soek, laat die mense hier by My dan toe om weg te gaan.'"
(Johannes 18:4-8)

Wie is Jesus van Nasaret? En hoe raak dit my, eeue later en in 'n land van elders?

Ons nader die einde van ons lees van die Johannes-evangelie, en so-ook nader aan Golgota se kruis en Getsémane se oop graf... en selfs nou, noudat alles afstuur op dit waarop dit regtig aangekom het, is die vraag steeds: Wie is Jesus van Nasaret? In 'n donker tuin tussen die bome net buite die stad Jerusalem, teen die Olyfberg; 'n hele afdeling Romeinse soldate en tempelwagte in diens van die priesterhoofde; mense met fakkels en stokke, begelei deur een van Jesus se dissipels – Judas Iskariot. Die dreiging is swaar in die lug; die oomblik van waarheid hier: *"Vir wie soek julle?"* (vs 4).

Die evangelis Johannes vertel die gebeure 'n bietjie anders as Matteus, Markus en Lukas. By húlle drie, het Judas vooraf met die "groot klomp mense" afgespreek dat hy Jesus sal soen, 'n teken dan vir hulle om Hom te vang. Só vertel Matteus dat daar in tuin, Judas *"reguit na Jesus toe gegaan en gesê (het): 'Goeiemôre Rabbi!', en Hom gesoen het"* (Mat. 26:49). Johannes verhaal egter 'n kort gesprek in daardie dramatiese oomblikke, maar baie betekenisvol: oor die identiteit van Jesus, Hy van Wie ons nou al 'n evangelie-lank hoor "Ek is Wie Ek is", die Godsnaam! Soek julle na die *"Ek is... die Seun, die Gestuurde van God"* (5:17); *"die brood wat lewe gee"* (6:35); *"die lig vir die wêreld"* (8:12); *"die Seun van die mens"* (9:35); *"die ingang na die skaapkraal"* (10:7); *"die goeie herder"* (10:11); *"die opstanding en lewe"* (11:25); *"die weg, waarheid en lewe"* (14:6); *"die ware wingerdstok"* (15:1) – na Wie soek jy, Judas?

En as hulle Hom dan – na álles wat Hy deur drie jaar gesê het – as <u>mens</u> definieer; dalk nog as die rabbi uit Nasaret (Mat. 26:49), timmermanseun, gewoon een soos ons almal... dan antwoord Hy verbasingwekkend: Ja, ook "dít is Ek!" Vir jou, en my.

JL.

Baie welkom by ons gesamentlike erediens vanoggend, gelei deur ds.Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Agter in die kerkgebou is Bybels en Liedboeke indien u een benodig. Uit die binnehof is deure na die Moederskamer en toiletgeriewe. Almal is uitgenooi vir 'n koppie koffie & tee in die binnehof, ná die diens.

Indien u enige vrae het of met die leraar oor vanoggend se erediens wil gesels, skakel/sms gerus vir ds. Jan Lubbe (082-784-9362).

Ander eredienste vandag:

Sothodiens:	Geen Sothodiens vanmiddag om 15:00
Aanddiens:	Jeugdiens om 18:00 in kerksaal – Prop. Nico Oosthuizen: *"Rus is rerig radikaal anders"* (Eks. 20 & 2 Kon. 6).
Sondag,14 April :	Oggend om 09:30 – ds. Johan Marais (Joh. 18:37); gesinsdiens in saal – ds. Jan Lubbe; Sothodiens om 15:00 – teol.std. Steve Bopane; aand om 18:00 – ds. Jan Lubbe (Joh. 13:13).

Ons kategese hervat vanoggend.

Die liturgiese kleur in **Lydenstyd** is pers, met die doringkroonmotief wat ons aan die spot en lyding van Christus herinner. Elke Sondag doof ons nóg een van die sewe pers kerse uit, simbolies van hoe die duisternis die lig bedreig het op weg na Golgota.

DEURKOLLEKTES:

24 Maart	CLF Uitgewers	R 929,10
31 Maart	Vrystaat Nasorgsentrum	R 1 397,60
7 April	Gemeentehulp (sinode aan gemeentes)	
14 April	Vennootskappe NGKA Vrystaat (getuienisbediening)	

MEELEWING EN VOORBIDDING

Verjaarsdae:
Ons hartlike gelukwense en seënbede aan almal wat vandag en in die volgende week verjaar:

7 April	Brigitte Botha, André Greyling en Madeleine Schulenburg.
8 April	Hettie Badenhorst, Ockie Fourie, Johan Snygans, Hentie Norval, Henco Botha en Juanique van Zyl.
9 April	Marelize Marais en Madelein Koekemoer.
10 April	Lettie Human, Huibrie Verster, Hercules Malan, Yolandi Pietersen, Steyn van der Walt, Lindi van der Walt en Amore Pietersen.
11 April	Jan Greyvenstein.
12 April	Bollie Buurman, Koos Kritzinger en Magriet Zietsman.
13 April	Marianne Nel en Gert Nel.

Hartlik geluk!
Aan David-Rees en Ezelle Samuel (Paul Rouxstr. 38, wyk 5a) met die geboorte van hul dogtertjie; ook aan Dave en Helena as grootouers – seënwense vorentoe.

Siekes tuis of in hospitaal:
Ons dink in gebed aan hulle wat siek is, in hospitale of tuis aansterk ná operasies of behandeling: Max Williams (Papenfusplek 2, wyk 1a); Ralie Poggenpoel (High Point Ridge 17, wyk 13a); Chris Benade (Dan Pienaarrylaan 75H, wyk 11a); Danie Marx (Genl. Van Schoor 12, wyk 3a); Tannie Iza Buys (Kiepersol 11, wyk 16); Oom Jan Noeth (Albrechtstr. 111, wyk 7a); James Brink (Paul Rouxstr. 71, wyk 4a) en Englene Ferreira (Noorderbloem 12, wyk 17).

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIE:

Woensdag, 10 April 05:30	– Mannebiduur in die konsistorie.
Woensdag, 10 April 15:00	– Gebedskring by Serenitas.
Woensdag, 10 April 19:00	– *"Die essensie van Christelike lewe"* (Mat. 5:17-20)
Donderdag, 11 April 09:00	– *"God laat alles ten goede meewerk"* (Fil. 1:18-20)
Donderdag, 11 April 11:00	– Siësta Biduur (ds. Jan Lubbe)

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg (Leraarswyke):

Wyke 1-10	– ds. Johan Marais (084 517 8052)
Wyke 11-20	– ds. Jan Lubbe (082 784 9362)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig. Daarom vra ons dat wanneer u vanjaar hospitaal toe sou gaan, of tuis siek is en graag 'n besoek verlang, u ons sal kontak – ons kry nie meer naamlyste by die hospitale nie en sal dus nie weet dat u daar is nie. Indien daar ander nood is of 'n behoefte aan 'n huisbesoek of pastorale gesprek: kontak ons en ons maak graag 'n afspraak met u.

Personeel & Kantoorure:
Neem asb. kennis van die ure en kontakbesonderhede van ons personeel:

Kantoorbestuurder:	**Rita van Zyl** (051-436 2750)	
	(kantoor@bergendalkerk.co.za)	
	Maandag tot Donderdag	08:00-12:30
	Vrydag	08:00-13:30
Adminbeampte:	**Adri van den Berg** (051-436 2750)	
	(admin@bergendalkerk.co.za)	
	Maandag, Dinsdag, Donderdag, Vrydag	12:30-16:30
Terreinbestuurder:	**JJ Calitz** (083 281 1168)	
	(terrein@bergendalkerk.co.za)	
	Maandag, Woensdag, Vrydag	08:00-14:00
	Sondag (as koster)	Oggendskof
Hulpkosters Sondae:	**Petrus Marais** & **Monzel Foulds**	Middag/Aanderedienste

Gasvryheidsbeurt, sorg-en-omgee:
In April is **Wyke 15** (Serenitas en Gratias) en **16** (Kiepersol Area) aan diens vir gasvryheid op Sondae met teeskink na die erediens en verskaffing van etes aan Bloemshelter Vrydagaande. Sterkte met jul reëlings. Indien u as vrywilliger by ons gasvryheid, sorg-en-omgee betrokke wil raak, kontak asb. die kerkkantoor (051-436 2750).

BEDIENINGE

Bedieningsvergaderings
Ons nooi graag alle lidmate uit om in te skakel by die werksaamhede van enige van die bedieninge, wat nou hierdie week hul beplanning en werksaamhede hervat. Kom na ons gesprekke:

Maandag, 8 April:	17:30 – Getuienisbediening
	19:00 – Jeugbediening
Dinsdag, 9 April:	17:30 – Gemeentebediening
	19:00 – Erediensbediening
Donderdag, 11 April:	17:30 – Barmhartigheidsbediening
	19:00 – Komitee vir Eiendomme (vergadering vervroeg)
Maandag, 15 April:	18:00 – Komitee vir Diensverhoudinge
Dinsdag, 16 April:	17:30 – Komitee vir Geldsake

EREDIENSBEDIENING
Groot Lydensweek en Paasnaweek:
Ons nooi alle lidmate uit om ons program van aanbidding en viering mee te maak –
14 April 09:30 (Sondag) – Palmsondag met Alumni Voices (JM)
– Sondagaand, Joh. 13: *Die vreemde "Ek is..."* (JL)
15 April 07:00 (Maandag) – Oggendwydings, tot Donderdagoggend (JL)
18 April 18:00-19:30 (Donderdag) – Stille Nagmaal (JM)
(Lidmate kom enige tyd binne hierdie tydgleuf kerktoe; daar is oordenkingsmateriaal en musiek wat u sal lei; wanneer gereed kom u alleen of met gesin of vriende na vore en ontvang die nagmaalstekens; daarna verlaat u die kerkgebou wanneer gereed is).
19 April 09:00 (Vrydag) – Goeie Vrydag (Erediens & Nagmaal, JM)
22 April 09:30 (Sondag) – Paasfees (JM)

GEMEENTEBEDIENING
Kuierklub – 10 April 2019:
Alle lidmate 65 jaar en ouer word genooi om hierdie geleentheid eerskomende Woensdagoggend om 09:30 by te woon. Dr. Johan van Rensburg van die Mediese Fakulteit aan die UV, en kenner op hierdie gebied, gaan oor rheumaverwante en outo-immuunsiektes en die voorkoming daarvan, gesels. Kom luister, vra en kuier saam!

NCLS – Vraelys vir Lidmate:
Met die oog op 'n strategiese gesprek oor ons gemeente, haar toekoms en bediening in die gemeenskap rondom Berg-en-Dal, wil die kerkraad graag u insette as lidmate verkry. Vir die doel word 'n vraelys gesirkuleer by eredienste (14 April) en in ander kleiner groepe; ons vra u samewerking en openhartigheid hiermee. Baie dankie!

GETUIENISBEDIENING
Insameling vir bejaardes van die NGKA:
Ons jaarlikse insameling van nie-bederfbare voedsel (blikkies, ens.) en komberse vir bejaardes van die NGKA in Botshabelo, vind in April plaas. U is welkom om bydraes na die eredienste Sondae of kerkkantoor gedurende die week te bring – kom ons dink aan hierdie brose groep, van die armstes onder die armes...

BARMHARTIGHEIDSBEDIENING
Gemeentemark: Baie dankie vir bydraes reeds ontvang; ons laaste Gemeentemark het R 1 619,00 opgelewer. Ons voorraad is egter baie uitgedun, en skenkings van klere, speelgoed en bruikbare artikels is welkom...

NUUS VAN ELDERS

Laatmiddagkonsert vir Hospice Bloemfontein: Donderdagmiddag, 11 April 17:30-19:30 bied Hospice 'n ligte ete met wyn en musiek deur Ella Kotze & vriende by Jack & Jill, Waterfront aan. Koste: R 120 p/p. Kontak Hanneke (076-912-9490).